

FINANSIES OMSENBRIEF 1/2017 : Insake verpligte skoolgeld en kwytskeldings

Ingevolge die SA Skolewet is daar spesifieke voorskrifte met betrekking tot skoolgeld en die betaling daarvan. Graag bring ons die meer kritiese onder u aandag.

- (1) Artikel 40 van die wet lê 'n verpligting op biologiese ouers om skoolgeld te betaal, tensy sodanige ouer vrygestel word.
- (2) Vrystellings word hanteer ooreenkomstig die Departement van Onderwys se voorgeskrewe formule.
- (3) Sekere voorgeskrewe dokumentasie moet ingedien word; anders sal die aansoek onvolledig wees en nie verder oorweeg kan word nie.
- (4) Die Regulasie lees soos volg (soos gepubliseer in die Staatskoerant van 18 Oktober 2006). Die bruto inkomste word in ag geneem. Dit is die GESAMENTLIKE BRUTO jaarlikse inkomste van BEIDE biologiese ouers van 'n leerder. BEIDE biologiese ouers se betaalstrokie of bankstate moet ingegee word. Indien 'n ouer werkloos is, moet dit deur die Departement van Arbeid bevestig word. Die vorm word saam die aansoek om vrystelling voorsien.
- (5) Aansoek om vrystelling van skoolgelde moet voor einde Februarie op die voorgeskrewe vorms met die nodige dokumentasie ingedien word.
- (6) Aansoekvorms is verkrygbaar by die finansiële beampte van die skool. U moet self die vorm by haar gaan afhaal aangesien dit genommer is en u teken vir ontvangs.
- (7) Skoolgelde (die volle bedrag vir die jaar) is betaalbaar VOOR OF OP 28 FEBRUARIE. Die skool vergun ouers die geleentheid om skoolgeld oor 'n tydperk van elf maande in gelyke paaie te betaal, om hulle instaat te stel om die finansiële las oor 'n tydperk te versprei. Dit kan gedoen word deur 'n debietorder in te vul of 'n elektroniese oorplasing te doen.
- (8) Nuwe ouers moet asb die skool skakel om uit te vind wat u verwysingsnommer is alvorens u 'n inbetaling doen. Bestaande leerders se verwysingsnommer bly dieselfde. Indien u twee of meer kinders in die skool het, gebruik u die oudste kind se verwysing aangesien almal op dieselfde rekening verskyn.
- (9) Indien u 'n kind in die studiesentrum het moet u asb nie die geld in die skool se rekening inbetaal nie. Die studiesentrum word deur die Fichie Klub 300 Trust bestuur.

(10) Die Skool en Fichie Klub 300 Trust se bankbesonderhede is soos volg:

Fichardtpark Primêre skool	-	ABSA
Rek Nr (tjekrekening)	-	1570 320 900
Takkode	-	632005

(Vir inbetaling van skoolgeld)

Fichie Klub 300 Trust	-	ABSA
Rek Nr (tjekrekening)	-	407 854 4256
Takkode	-	632005

(Vir inbetaling van Studiegeld)

- (11) Ons moedig ouers aan om skoolgeld stiptelik maandeliks te betaal om sodoende prokureurskoste te vermy.
- (12) Leerders in die studiesentrum sal nie studie kan bywoon indien die studierekening agterstallig is nie.

Mnr. L.M. Kriel
SKOOLHOOF

Mev. M. Van Vuuren
FINANSIËLE BEAMPTE